Liewe voorsitter Susters/ Diakonie/Gemeente

# Gereformeerde gemeentes se 2026-saamspan vir die President Kruger Kinderhuise

Voorsitter Diakonie / susters/ gemeente

Op DV 22 Augustus 2026 bied Kameeldrift die24e damesoggend aan ten bate van ons kerkverband se twee kinderhuise
Dit is n riem onder die hart dat dit goed gaan met ons kinderhuise en dat ons werklik hoogstaande sorg kan bied en steeds mik vir beter.

Ons gemeentes het oor jare n groot oop hart vir die President Kruger Kinderhuise, wat ons kerkverband se verantwoordelikheid is. Met hierdie Kameeldrift-damesoggend en insameling kon ons verlede jaar R357000 aan die twee kinderhuise oorhandig. Dankie vir die R84 240 daarvan wat uit donasies van gemeentes regoor die land gekom het.

Die feit dat hierdie projek hierdie jaar vir die 24e agtereenvolgende jaar aangebied kan word, is n teken van die Here se goedkeuring en seën van hierdie aksie en groot gebedsaak.

**Ons vra 'n ekstra donasie van jul gemeente vir hierdie poging.** Elke sent van julle bydrae, gaan na die kinderhuise. Ons is só geseën dat in al hierdie jare, ons nog elke sent wat van gemeente-donasies ontvang is, asook die oggend se wins aan die kinderhuise kon oorbetaal . Ons ontvang genoeg borge om die kostes van die funksie te dek. Elke keer wanneer mens kleingelowig bang is vir tekorte omdat baie gemeentes finansieel swaarkry, is die borge maar net weer daar..

**Hoekom vra ons dan weer nog 'n bydrae** as baie gemeentes reeds maandeliks of jaarliks bydra tot die kinderhuise?
Die bydraes uit die kerkverband het aansienlik verminder, soveel só dat hulle op instansies buite die kerkverband moet steun.

Die impak van so 'n groot, eenmalige finansiële inspuiting, is groot. Die kinderhuis maak die geskatte inkomste van die projek reeds deel van hul begrotingsinkomste. Dit help veral in die finansieel moeiliker maande van November tot Februarie Sien die brief van die Kinderhuise aangeheg.

Ek wens dat almal die amper grootsheid, die sprankel en opgewondenheid van die dames op daardie oggend kan ervaar- **die gedagte dat ons besig is met iets groter as onsself- die liggaam van Christus aan die werk, besig om Sy opdrag uit te voer.**
Word deel van hierdie uitreik deur n donasie van jul gemeente (diakonie,susters of individue) aan ons oor te betaal. Indien julle nie 'n groot bedrag kan gee nie, is **enige bedrag welkom!- van R100 - R10 000 en meer.**

**Kom ons samel hierdie jaar 'n rekordbedrag in!** Help ons hierin.
Bid ook dat die fondsinsamelingsprojek kan voortbestaan en bid vir die kinders in die kinderhuise asook die kosbare werk van die versorgers.

**Stuur asb 'n e-pos voor 30 Junie om te laat weet indien julle 'n bydrae gaan maak.** Die donasie moet verkieslik in ons rekening inbetaal wees voor of op 5 Augustus sodat dit deel kan vorm van die bedrag wat op die 22 e oorhandig word en jul gemeente gelys kan word op ons gedrukte program as vennote van die funksie. Die bedanking vanaf die Kinderhuise is die bewys van betaling

As julle enige vrae het, is julle welkom om te skakel.

Groete en byvoorbaat dankie

*Susan Fourie( Tel 0827454117))*
*Gereformeerde Kerk Kameeldrift*

**Rekeningbesonderhede**
ABSA
Susters Gereformeerde Kerk Kameeldrift
Tjekrekeningno:1430 810 088
Verwysing: Kinderhuisdonasie/
naam van gemeente